DIE KAAPSE KABARET

Teks: saamgestel deur Niël Rademan en
Juanita Swanepoel
Regie: Juanita Swanepoel
Met: Charlene Truter, Zenobia Kloppers & Niël Rademan
(Kanna-wenner 2006 en genomineerde 2008)
Pianis: Rika Vermeulen

60 MIN
R65
Sondag Arena

Wo. 28 Jan. @ 19:30
Vr. 30 Jan. @ 21:30
Sa. 31 Jan. @ 16:00
So. 1 Feb. @ 10:30

'n Musikale tragi-komiese samestelling van verhale en musiek wat handel oor die doen, late en gevolge van slawerny aan die Kaap. Almal van ons is onlosmaakbaar deel van hierdie littekens.

27 Januarie - 1 Februarie 2009
www.suidoosterfees.co.za

Die KKNK is hier!

ERS was dit Suidoosterfees by Kunstekaap, toe die Woordfees hier in Stellenbosch.

Nou pak die helfte van die land hul goed en trek Oudtshoorn toe vir die Absa KKNK van 21 tot 29 Maart.

En soos vorige jare, is daar weer talle Stellenbossers wat aan dié groot fees deelneem. Vir diegene wat 'n draai gaan maak by die fees, is daar iets van alles: toneelstukke, kinderteater, woordkuns, dansteater, lesings en gesprekke, musiekteater, die gewilde Kaktus-sessies, ens.

Moet ook nie vergeet van die kunsuitstallings soos Paul du Toit se *Die Geskenk*, Strijdom van der Merwe se installasie *Haiku's*, daaglikse rondleidings by die Klein Karoo Kunsgalery en die filmkuns, met twee films wat tydens elke vertoning aangebied word.

Produksies deur plaaslike kunstenaars soos *'n Lang dagreis na die nag* met Antoinette Kellerman, Marius Weyers en Stian Bam spreek hedendaagse kwessies aan en bied perspektief op alkoholisme en verslawing. Die regie word behartig deur Marthinus Basson.

Basson self, en Juanita Swanepoel is te sien in die Vleis, Rys en Aartappels-produksie, *Saad*, tesame met bekendes soos Nicole Holm en Altan Ungerer. Nog 'n Vleis, Rys en Aartappels-produksie, in samewerking met Remix, is *Smag* met Nicola Hanekom, Erica Wessels, Eben Genis en Jaco Bouwer (regie).


Marthinus Basson

Niël Rademan

Arboreta, die heks met die groen hare, met onder andere Niël Rademan, Riaan Visman en Cornelia Faasen, is gebaseer op Riana Scheepers se nuwe kinderboek wat die boodskap van ekologiese bewaring oordra. Die bekende kinderverhaal *Rooikappie en die Wolf* met Gaerin Hauptfleisch en Stephanie Hough is ook op die planke by die KKNK.

Die universiteite van Stellenbosch en die Vrystaat sal dit vanjaar uitspook om die Sanlamprys vir Afrikaanse Teater (SPAT) vir 2008. Drie nuwe inskrywings, wat eers deur die instellings oorweeg en daarna deur die SPAT-paneel beoordeel is, gaan nou ingestudeer en met 'n borgskap van R25 000 elk by die KKNK opgevoer word.

Die finaliste is: *Die begrafnis*, deur Phil Janse (skuilnaam), ingeskryf deur Universiteit van die Vrystaat, *Sara*, deur Richard Bertelsmann (US) en *Mymering*, deur Hans Oosthuizen (US).

By dié fees word die algehele wenner en ook die beste akteurs, regisseur en dramaturg aangewys. Daar wag 'n stewige R100 000 op die wendramadepartement (op voorwaarde dat die wenproduksie by twee ander kunstefeeste opgevoer word) en individuele pryse ter waarde van R70 000 is ook op die spel.

Ander bekendes by die KKNK is Valiant Swart en Ollie Viljoen in Klets, Klawers en Kitaar. Zinkplaat, Die Helde, Lara Frances, Jak de Priester en Jaco Blomerus sal ook 'n draai by die KKNK kom maak.

Eikestadnuus

PROMOSIE: CEDERBERGFEES

Baie om na uit te sien

MOENIE vir *Bly te kenne* misloop by die Cederbergfees op Clanwilliam nie. Dié woordkuns-kabaret en musiekproduksie is op die lewe en werk van die bekende en geliefde skrywer Hennie Aucamp gefokus.

Dit word aangebied deur die meester-verteller en bekroonde woordkuns-aanbieder Johann Nel, tesame met Niël Rademan, ook in eie reg 'n musikale meester. *Limeriekfabriek* met Niël Rademan en plaaslike talent is 'n woordkuns en musiekprogram vir die hele gesin. *Sameloop* van Laurinda Hofmeyr en Zanta Hofmeyr is 'n klassieke en kontemporêre musiekproduksie. Dié twee niggies ondersoek die onderstrome wat hulle deel in 'n produksie wat beskryf word as eenvoudig en aangrypend.

ROOIBOS PETER DIE BURGER ABSA

Louis Loock, die jong Kaapse tenoor, bied 'n klassieke vertoning met 'n keur van die mooiste melodieë en betowerende arias, asook gewilde liedere uit musiekblyspele aan. Om 09:00 sal Die Tsotsi-Evangelie in die VGK Kerk versamel. In die *Tsotsi-Evangelie* bring die skrywer Frans van Rensburg die Jesus-verhaal in tsotsi-Afrikaans tot in die harte van mense. Die boek word

Niël Rademan (links) en Louis Loock. Foto's: VERSKAF

deur Lapa-uitgewers versprei en die eerste oplaag is binne 'n jaar verkoop.

Die sangeres Belia Lourens vul die program aan met luisterryke musiek wat gratis aangebied word.

Die Burger-intekenaars en b-Smart-kaarthouers kan nou met dié kaarte kaartjies koop vir vertonings by die Cederbergfees en dit sal dan deel vorm van hul maandelikse aankope. Let wel, hulle kry nie afslag nie, hulle kan net die kaart gebruik om kaartjies te koop. Vir meer inligting oor die fees wat dié naweek vanaf 25 tot 27 April plaasvind skakel me Surette Claassens by 027 482 1090 of besoek www.cederberg.co.za.

Die Burger se Suidoosterfees spog volgende jaar met verskeie nuwe produksies. Dié kunstefees sal vir die sesde keer in die Kunstekaap in die Moederstad aangebied word. Die kunstenaars (van links) Nicola Hanekom, Thandi Swaartbooi, Zenobia Kloppers, Charlene Truter en Niël Rademan (agter) het gisteraand die bekendstelling van die fees by die De Grendel-wynlandgoed in Panorama bygewoon. Die fees begin op 27 Januarie en duur tot 1 Februarie. Nog 'n foto op bl. 3 en 'n berig op bl. 12.

Foto: NEIL BAYNES

"VOORBLAD" – Die Burger, 20 Nov 08

Appassionata ★

ABSA KKNK
KLEIN KAROO NASIONALE KUNSTEFEES

Volwasse • Geen o.10 • Afr. • Professioneel • Teks: Pieter-Dirk Uys • Vertaling: Adriaan Meyer • Regie en produksie: Niël Rademan • Met Johann Nel en Tertia Downie



In 1982 besluit befaamde satirikus en verhoogkunstenaar, Pieter-Dirk Uys om vir sy ewe-beroemde suster, die pianis, Tessa Uys, 'n teaterstuk te skryf wat haar virtuositeit as pianis ten toon sal stel. *Appassionata* is hieruit gebore – 'n ongewonde teaterervaring wat 'n uitvoering van Beethoven se Sonata nr. 23, die *Appassionata*, kombineer met 'n dramatiese uitbeelding van die wel en wee van 'n kunstenaarsiel. Hierdie stuk is slegs eenmalig in 1982 opgevoer met Tessa Uys in die hoofrol. Dit stel besondere hoë eise aan enige teaterkunstenaar. Die uitdagings is voor die hand liggend: om 'n pianis te kry wat die durf het om enige Beethoven-sonata – en dan boonop die *Appassionate* aan te pak – is geen maklike taak nie. Om dan nog een te vind wat toneel kan speel en 'n skoonheid is, bring 'n legio ander uitdagings na vore. Tertia Downie word geroem vir haar passievolle musikaliteit en haar blonde aantrekkingskrag. Sy het klavier bestudeer onder die deurwinterde, John Anoniadis, sowel as die groot Griekse klaviermester, Martino Tirimo. Johann Nel is geliefd as radio- en verhoogakteur en het al jare Suid-Afrikaanse gehore in die palm van sy hand met vertolkings in verskeie woordkunsprogramme en dramas o.l.v van o.a. die befaamde verhoogregisseur, Juanita Swanepoel. Saam bring hierdie twee vertolkers die magiese momente na vore in hierde uitdagende teaterteks. *Appassionata* 'n romantiese en dikwels tragiese blik op die faam, fortuin, hartseer, glorie en uiteindelike verganklikheid van die kunstenaar se openbare en persoonlike lewe.

70 min. • R70 • SABC2 Kollegesaal
22 Mrt. 19:00 23 Mrt. 10:00 24 Mrt. 16:00 25 Mrt. 10:00